**Woensdag 17 April 2019**
**Skriflesing: Johannes 19 vers 1 tot 16**

Die eerste keer toe ek Johannes hoofstuk 18 tot 20 deurgelees het, het dit my opgeval hoeveel mense, positief en negatief, by die kruisiging betrokke was. Wat my ook opgeval het, is dat God nie beheer verloor het nie. Elkeen van hierdie mense was onwetend deel van sy groter verlossingsplan.
Ons gaan by die mense rondom Jesus se kruisiging en die keuse wat hulle vir of teen Christus maak, stilstaan. Telkens gaan ons onsself afvra waar ons iets van dié mense in ons eie lewens raaksien.

**Die eerste persoon by wie ons stilstaan, is Pilatus.**
Pilatus is een van net 2 mense wie se name in die Apostoliese geloofsbelydenis genoem word. Oor die vernedering van Jesus bely ons dat ons glo dat Hy uit die maagd Maria gebore is en dat Hy: "gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is."

Pilatus is een van die hartseerste persone betrokke by Jesus se kruisiging. Hy was so naby en tog so ver van die Waarheid. Hy bevind hom tussen die duiwel en die diep blou see, tussen die Romeinse keiser aan die een kant en die Jode aan die ander kant.

Pilatus is deur die Romeine as goewerneur aangestel om orde te handhaaf in Judea.  Die klomp Jode maak dit nie vir Hom maklik nie. Hulle is gedurig in oproer. Hy sukkel om hulle te beheer. Hy sukkel so dat hy vrees vir sy posisie. Hy is bang die keiser hoor van sy swak hantering van die situasie. Uiteindelik het die keiser in elk geval teen hom opgetree en volgens oorlewering het hy 6 jaar na die kruisgebeure selfmoord gepleeg.

Aan die ander kant is Pilatus onder druk van die Priesterhoofde en Jode. Hulle het klaar besluit dat Jesus doodgemaak moet word. Hulle het nie die mag om Hom tereg te stel nie, maar Pilatus het wel.

Pilatus is bang , hy probeer om neutraal te bly en kies sodoende teen die waarheid en vir homself. Hy wil ten alle  koste sy eie posisie behou. En hy kies vir populariteit. Hy wil vir almal aanvaarbaar wees.

Onverstaanbaar soos dit mag wees is Pilatus deur God aangestel. Jesus sê vir hom in Johannes 19:11: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie."

In Johannes 18 vers 38, 19 vers 4 en  19 vers 6b herhaal Pilatus dat hy geen skuld aan Jesus vind nie. Soos reeds ges: hy bevind hy hom onder druk van alle kante, tussen die duiwel en die diep blou see. Daarom is hy bang om Jesus vry te laat. Pilatus laat Jesus gesel, waarskynlik in 'n poging om Hom vrygelaat te kry. Hy is geslaan met 'n klomp rieme waaraan stukkies been en metaal vasgewerk is. Die Joodse wet het hulle beperk tot 40 houe, maar die Romeine het hulle nie hieraan gesteur nie. Pilatus wou kyk of die Jode nie Jesus jammer kry en laat gaan nie, maar sy plan het nie gewerk nie.

Toe was hy sy hande in onskuld en sê vir die Jode: ""Vat júlle Hom en kruisig Hom want ék vind geen skuld in Hom nie." (Johannes 19 vers 6)

Dit is ironies dat Pilatus twee baie belangrike uitsprake maak:
In Joh 19:5 sê hy: "dit is die mens!"
Net 'n mens kon ons as mense se se sondeskuld en dood op Hom vat en in ons plek sterwe.

Sy tweede belangrike uitspraak vind ons in Johannes 19 vers14: "Hier is julle koning!" Hy proklameer ook, deur die opskrif aan die kruis dat Jesus van Nasaret die koning van die Jode is. Hy skryf dit in Hebreeus vir die Jode, Latyn vir die Romeine en in Grieks dat die hele wêreld dit moet kan lees. Wat hartseer is, is dat Hy steeds teen hierdie Waarheid kies.

Hoe leef Pilatus vandag in my?
Wanneer ek nie 'n radikale keuse vir Jesus maak nie, kies ek teen Hom. Dan draai die lewe net om myself, my belange en behoeftes. Ek staan nie op vir dit wat ek weet reg is nie. Ek is nie bereid om die prys te betaal nie.

**Die tweede groep mense by wie ons stilstaan, is die soldate.**
Hulle is nie geïnteresseerd in die waarheid nie. Hulle voer net opdragte uit en tog is hulle onwetend deel in 'n Goddelike proses om te bevestig dat Hy die Koning is. Hulle kroon Hom spottend met 'n doringkroon en hang vir Hom, soos vir 'n koning, 'n pers mantel om. Hulle groet Hom as die koning van die Jode voor hulle Hom klap.
Ons vind onsself in die soldate wanneer ons nie standpunt inneem nie. Ons volg blindelings die meerderheid. Ons doen wat mense van ons verwag. Dit is net dooie visse wat stroomaf dryf, wat die Koning "spot" en "klap" net omdat mense daarvan hou.

**Die Priesterhoofde en godsdienstige Jode die wil die Waarheid doodmaak omdat Hy nie pas by hulle waarheid nie.**
Hulle soek 'n aardse Verlosser en Koning. Hy moet hulle vyande verslaan en die aardse koninkryk van hulle voorvader Dawid kom herstel. Van 'n aardse troon af moet Hy kom heers. Hulle wil saam met Hom heers. Nou kom die Jesus en Hy dien. Hy was voete. Hy spandeer tyd by die uitgeworpenes uit die kerk. Hy pas nie in by hulle mensgemaakte waarheid nie.

Hulle hou streng by hulle mensgemaakte 613 wette, 248 hiervan is dinge wat jy moet doen en 365 dinge wat jy nie mag doen nie. En hier kom Jesus en Hy sê dat daar net een wet is en dit is liefde, liefde vir God en vir alle mense.

Hulle is ook lekker agterbaks. Hulle het die Romeine en die Romeinse heersers wat oor hulle aangestel is, gehaat. En nou skielik, wanneer dit hulle pas, het hulle nie 'n koning nie, maar dien die keiser. (Joh 19:15)
Hulle dreig ook vir Pilatus dat as hy Jesus loslaat, hy nie 'n vriend van die keiser is nie. Jesus beweer Hy is koning en 'n koning hou 'n bedreiging vir die keiser in.

Die sogenaamde godsdienstiges se bloeddorstige lied het net 1 refrein: "Kruisig hom!, Kruisig hom! Vat hom weg, vat hom weg, kruisig hom!"

Ons vind hierdie klomp Jode in ons wanneer dinge moet wees soos ons daarvan hou, dit moet bly soos dit nog altyd was. Wanneer die Here nie inpas by ons verwagtinge nie, moet Hy dood. Hoe dikwels, soms onbewus daarvan, soek ons 'n Jesus wat by my behoeftes moet inpas. Hy moet na my pype dans. Hy moet my taal praat. Hy moet my

gesond en gelukkig hou, my lekker laat leef en my seën sodat ek ten alle tye gemaklik kan wees. Dit is nie wat Jesus kom doen het nie. Hy het ons kom verlos en ons heilig, meer soos Hy, kom maak. En hierdie vormingsproses is soms seer.

Ek sluit af met die vrae wat al hierdie negatiewe voorbeelde rondom die kruis van Jesus, vir elkeen van ons vra:
**Pilatus** maak nie 'n keuse nie. Om neutraal te bly, is om teen die Waarheid te kies. Is jy vir of teen Hom?
**Die soldate** is nie geïntereseerd in die Waarheid nie. Is jy deel van die probleem of deel van die oplossing?
**Die Priesterhoofde en Jode** kies om die Waarheid dood te maak. Gaan dit vir jou in die eerste plek bo alles oor Hom of gaan dit oor jouself? Gaan ek Jesus weer wegstuur om te sterf of gaan ek aan myself sterf sodat Hy in en deur my kan leef?
**Amen**